DIENSOOREENKOMS

AANGEGAAN TUSSEN _____
(Hierna genoem "die werkgewer") Adres:
_____

en

_____**(Identiteitsnr:** _____**)**
(Hierna genoem "die plaaswerker")

1 **AANVANGSDATUM:** _____

2 **POSBENAMING:** _____

3 **WERKSPLEK:** _____

4 **WERKSBESKRYWING:**

Bogenoemde lys van verantwoordelikhede is slegs die plaaswerker se vernaamste verantwoordelikhede. Daar sal ook van die plaaswerker verwag word om ander verbandhoudende verpligtinge na te kom soos en wanneer versoek deur die werkgewer.

5. OUDERDOM

5.1 Die plaaswerker is tans _____ jaar oud.

5.2 Die plaaswerker verklaar dat hy nie jonger as 15 jaar is nie.

6. AKKOMMODASIE EN VERBLYFREG

6.1 Die werkgewer verhuur hiermee die volgende perseel aan die plaaswerker welke perseel die plaaswerker huur:

6.2 Die maandelikse huur vir die perseel sal R_____
(R_____) wees. Die plaaswerker sal aanspreeklik bly vir die betaling van huurgeld solank as wat hy aanhou om op die perseel te woon na die beëindiging van sy diens vir enige rede.

6.3 Die plaaswerker mag slegs die volgende afhanklikes saam met hom op die perseel laat woon:

6.4 Die plaaswerker erken en onderneem dat sy verblyf op die plaas onderhewig is aan sy diensooreenkoms met die werkgewer en dat hy geen ander reg verkry het om die perseel te okkupeer of om op die plaas te woon nie. In die besonder erken die plaaswerker dat hy nie 'n huurarbeider is nie en dat hy geen weidings-of plantregte op die plaas het nie.

6.5 Die plaaswerker erken dat hy 'n inligtingsdokument in die _____ taal ontvang het wat die regte van die partye ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997 (die Wet) uiteensit; (*Nota: Ons beveel aan dat u die "Departement of Rural Development and Land Reform" se inligtingsdokument wat reeds aan u voorsien is aan die plaaswerker oorhandig. Die Departement het onderneem om die dokument in al elf amptelike tale beskikbaar te stel.)*

6.6

Die plaaswerker onderneem om saam met sy afhanklikes die perseel te ontruim by beëindiging van hierdie ooreenkoms op enige grond wat ingevolge die Wet voldoende is. Die plaaswerker erken spesifiek en bevestig dat hy oor alternatiewe akkommodasie beskik, sou daar van hom vereis word om die perseel om enige rede te ontruim;

6.7

Die plaaswerker het regte met betrekking tot besoekers soos uiteengesit in die Gedragskode, wat hierby aangeheg is as Aanhangsel "A".

6.8 Die plaaswerker sal die volgende regte met betrekking tot toegang tot water hê:

_____

_____

_____

6.9 Die plaaswerker onderneem om geen verbeterings van enige aard op die perseel aan te bring sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die werkgewer, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie. By die ontruiming van die perseel deur die plaaswerker vir watter rede ookal, sal die werkgewer, indien skriftelike toestemming wel verkry is, die plaaswerker billik vergoed vir enige permanente verbeterings wat op die perseel aangebring is.

7. WERKSDAE

Die plaaswerker sal op die volgende dae van die week werk:

_____

8. WERKURE

8.1 Die plaaswerker sal _____ gewone ure per dag werk. (Nota: Nie meer as 45 gewone ure per week nie.

8.2 Normale werkure is van _____ tot _____.

8.3 <u>Verlenging van werkure</u>

Die partye kom hiermee ooreen om die gewone werkure van die plaaswerker te verleng soos uiteengesit in aanhangsel "B" hiertoe.

9. ETENSTYE

9.1 Die volgende etensure sal van toepassing wees:

_____

9.2 Etenstye vorm nie deel van werkure nie.
(Nota: 'n Plaaswerker mag nie vir langer as 5 ure aanmekaar werk sonder 'n etensbreek van ten minste een uur nie, alhoewel die partye kan ooreenkom dat die etenstyd verkort word tot 30 minute. Teetyd is nie verpligtend nie. 'n Etenstyd van meer as 75 minute kan net toegestaan word aan 'n werker wat op die plaas woon.)

10. TYD AF

Die plaaswerker is geregtig op die volgende tye af:
Dag/dae per week: _____
Naweek/e per maand: _____
(Nota: Let op die bepalings van artikel 15 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en artikel 19 van die Sektorale Vasstelling.)

11. OORTYD, SONDAGWERK EN OPENBARE VAKANSIEDAE

Die plaaswerker onderneem om, onderhewig aan die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en artikels 13 en 14 van die Sektorale Vasstelling oortyd op Sondae en Openbare Vakansiedae te werk soos en wanneer vereis. Die plaaswerker sal oortydbetaling van ten minste een en 'n half maal sy normale loon ontvang vir die tyd gewerk.

12. LONE

12.1 <u>Vergoeding</u>

Die plaaswerker sal soos volg vergoed word:

12.1.1 In kontant: R_____ per uur/ R_____ per dag/ R_____ per week/
R_____ per maand.

12.1.2 'n Kontant bonus van R_____ sal op _____ aan die werker betaal word.

12.1.3 Betaling sal geskied per dag/ week/ twee weekliks/ maandeliks.

12.1.4 Betaling sal op die _____ dag van die week/ maand gedoen word.

12.2 Die kontantloon sal betaal word in kontant/per tjek of in bankrekening nommer _____
(Nota: Vir die wetlike voorskrifte t o v minimumlone verwys asseblief na die Departement van Arbeid se webwerf http://www.labour.gov.za).

12.3 <u>Betaling in goedere</u>

Die waarde van betaling in goedere per maand is
_____ R _____
_____ R _____
(Nota: Betaling in goedere is omstrede en moet liefs vermy word)

13. AFTREKKINGS

Die plaaswerker stem in dat die volgende bedrae van sy loon afgetrek kan word:
Pensioen/Voorsorg : R_____
Terugbetaling van Lening : R_____
Huurgeld: R_____
Akkommodasie (10% van minimumoon) R_____

Voedsel (10% van minimumloon) R_____
Betaling aan derde party R_____
Werkloosheidsversekering R_____
Ander (Spesifiseer) : R_____
(Nota: Slegs 10% van die loon mag afgetrek word vir behuising en dan slegs indien die huis 'n waterdigte dak, glasvensters, elektrisiteit(indien die infrastruktuur vir elektrisiteit op die plaas bestaan), water in die huis of in `n kraan nie meer as 100 meter van die huis nie en 'n spoeltoilet of put latrine in of naby die huis het)

14. LENINGS

Die plaaswerker magtig die werkgewer om vasgestelde bedrae wat nie 10% van die werker se loon te bowe sal gaan nie ter terugbetaling van enige lenings aan hom toegestaan af te trek.

15. BONUS

Indien die plaaswerker se werk en vordering bevredigend is, kan hy in die diskresie van die werkgewer 'n jaarlikse bonus in _____ (maand) van elke jaar ontvang welke bonus _____% van sy basiese loon vir elke voltooide diensjaar sal wees. Indien die plaaswerker nie 'n volle jaar diens voltooi het nie sal sodanige bonus, indien dit betaal word, proporsioneel wees tot die aantal maande gewerk.
(Nota: Daar is tans regtens geen verpligting op 'n werkgewer 'n bonus te betaal nie.)

16. SKADE

Skade aan items wat aan die werkgewer behoort of wat op sy eiendom is, sal soos volg gehanteer word:

_____

_____

17. JAARLIKSE VERLOF

17.1 Die plaaswerker is geregtig op _____ dae betaalde verlof per jaar vir elke voltooide diensjaar. Spesifieke datums vir verlof moet deur die werkgewer goedgekeur word.
(Nota: Die Sektorale Vasstelling bepaal dat 'n werker minstens 3 weke verlof per jaar moet kry.)
17.2 Jaarlikse verlof sal nie saamval met enige siekverlof of enige kennisgewingstydperk nie.
17.3 Verlof wat nie geneem word nie sal oorgedra word na die volgende jaar.
17.4 Verlof wat aan die plaaswerker verskuldig is, maar nie geneem is nie sal by diensbeëindiging aan hom uitbetaal word, mits hy ten minste vier maande in diens was.

18. SIEKVERLOF

Die plaaswerker is geregtig op 36 dae betaalde siekverlof per siklus van 36 maande indien hy 'n ses-dag week werk, en 30 dae in 'n siklus van 36 maande indien hy 'n vyf-dag week werk.. Afwesigheid vir meer as 2 opeenvolgende dae sonder 'n mediese of ander goedgekeurde sertifikaat sal as onbetaalde verlof beskou word.

19. KRAAMVERLOF EN GESINSVERANTWOORDELIKHEIDSVERLOF

Die bepalings van klousules 23 en 24 van die Sektorale Vasstelling sal geld vir kraamverlof en verlof vir gesinsverantwoordelikheid.

20. DISSIPLINE EN OPTREDE

20.1 Die plaaswerker sal sy werk pligsgetrou en ywerig doen en alle redelike en wettige instruksies van sy werkgewer gehoorsaam.

20.2 Die plaaswerker onderneem om die Gedragsreëls (Aanhangsel "A") en Dissiplinêre Kode (Aanhangsel "C") na te kom, welke dokumente deel vorm van hierdie Diensooreenkoms.

21. DIENSBEËINDIGING

21.1 Hierdie diensooreenkoms sal beëindig word indien enige party _____ dae/ weke kennis gee van diensbeëindiging. *(Nota: Klousule 26 van die Sektorale Vasstelling bepaal een week kennis binne eerste 6 maande en 4 weke na 6 maande diens)*

21.2 Die plaaswerker sal by diensbeëindiging voorsien word van 'n dienssertifikaat, behalwe in die geval waar hy dros.

22. WEDERSYDSE VRYHEID
Die werkgewer en plaaswerker onderneem om mekaar se privaatheid, politieke oortuigings en vryheid van assosiasie te respekteer.

23. SUMMIERE DIENSBEËINDIGING

Onderhewig aan 'n billike prosedure sal die werkgewer geregtig wees om diens te beëindig sonder kennisgewing vir enige rede wat deur die reg as voldoende geag word.

24. DROS

Indien die plaaswerker afwesig is van werk vir enige rede moet hy onmiddellik die werkgewer in kennis stel. Indien hy vir meer as 3 (drie) opeenvolgende dae afwesig is sonder om die werkgewer in te lig oor die rede vir sy afwesigheid sal hy geag word te gedros het en gevolglik sy diens beëindig het.

25. BEWEEGLIKHEID

Die plaaswerker sal hoofsaaklik in diens wees te _____ maar onderneem hiermee, indien dit vereis word, om te enige ander plaas of plek te werk waar die werkgewer sy boerderybedrywighede bedryf.

26. WYSIGING

Geen verandering, wysiging of opskorting van enige van die terme van hierdie ooreenkoms of enige ooreengekome kansellasie daarvan sal geldig wees tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is.

27. DIE WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES EN DIE SEKTORALE VASSTELLING 13: PLAASWERKER SEKTOR

27.1 Die partye erken dat die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Sektorale Vasstelling op hulle van toepassing is en dat sodanige minimum voorwaardes sal geld waar hierdie ooreenkoms swyg of waar die minimum beter is as in hierdie kontrak.

27.2 Die plaaswerker erken dat hy ingevolge artikel 30 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 'n verklaring van sy regte ingevolge die Wet in die _____ taal ontvang het. Sodanige verklaring is hierby aangeheg as Aanhangsel "D".

GEDATEER TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 200____.

_____ _____

WERKGEWER **PLAASWERKER**

AANHANGSEL "A" GEDRAGSREËL**S**

(Vir gebruik by beide Permanente en Tydelike werkers)

1. Behuising

1.1 'n Verantwoordelike persoon sal vir elke huis aangewys word. Indien so persoon nie spesifiek aangewys word nie, sal die plaaswerker geag word die verantwoordelike persoon te wees.

1.2

Die eienaar sal die reg hê om die huis te eniger redelike tyd te inspekteer. Hierdie reg sal op so 'n wyse uitgeoefen word dat dit nie inbreuk maak op die privaatheid van die bewoners nie.

1.3 Huise moet binne-in en buite-om deur die bewoners self netjies gehou word.

1.4 Troeteldiere en ander diere mag slegs met die toestemming van die eienaar aangehou word.

2. Besoekers

2.1 Sover moontlik moet die eienaar vooraf ingelig word indien bewoners besoekers verwag.

2.2 Besoekers mag slegs van die volgende toegangsroetes tot plaaswerkerhuise gebruik maak:

2.3 Geen besoeker mag sonder die toestemming van die eienaar vir langer as een week by 'n bewoner kuier nie.

2.4 Indien enige skade deur besoekers aangerig word, sal die verantwoordelike bewoner (sien klousule 1.1) daarvoor aanspreeklik gehou word.

3. Water en kragvoorsiening

3.1 Lopende water en/of krag sal aan die huise voorsien word en bewoners sal maandeliks aanspreeklik gehou word vir die koste van verbruik. Die eienaar sal bewys lewer van verbruik.

3.2 Geen persoon mag self probeer om foutiewe elektriese konneksies te herstel nie, maar alle foute moet aan die eienaar gerapporteer word.

3.3 Kinders moet nie toegelaat word om met elektriese installasies te speel nie.

4. Die maak van vure:

4.1 Bewoners mag slegs vuur maak op daardie plekke waar daarvoor voorsiening gemaak is.

5. Vervoer na kerkbyeenkomste en winkels

5.1 Plaaswerkers en hul gesinne sal op versoek op Sondae na die naaste kerkbyeenkoms vervoer word.
(Nota: Hierdie klousule is opsioneel.)

5.2 Plaaswerkers en hul gesinne sal _____ maal per week/maand na die naaste winkels vervoer word.
(Nota: Hierdie klousule is opsioneel.)

6. Telefoon

6.1 Die gebruik van die telefoon sal op versoek hanteer word. Die persoon wat die oproep maak, sal vir die koste daarvan aanspreeklik gehou word.

Of

Die gebruik van die telefoon sal slegs in noodgevalle toegelaat word.

7. Gevaarlike wapens

7.1 Geen vuurwapens, ammunisie of ander gevaarlike wapens mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die eienaar op die plaas gebring word nie.

8. Handel

8.1 Geen ongemagtigde handel mag op die plaas gedryf word nie.

9. Algemene gedrag

9.1 Bewoners mag hulle nie skuldig maak aan onordelike, beskonke of onregmatige gedrag nie.

9.2 Bewoners het geen outomatiese reg om op die plaas begrawe te word nie. Die eienaar se skriftelike toestemming moet vir enige begrafnis op die plaas verkry word.

9.3 Die vang in strikke of andersinds van wilde diere op die plaas is verbode.

10. Die aanhou van vee

10.1 Geen vee hoegenaamd mag op die plaas aangehou word nie.
of

10.1 'n Maksimum van _____ volwasse stuk grootvee mag deur elke plaaswerker aangehou word.

10.2 Kalwers sal as volwasse beskou word wanneer hulle 'n jaar oud is.

10.3 Alle volwasse vee moet gebrandmerk\geoormerk word.

10.4 'n Maandelikse fooi van R_____ sal op elke volwasse dier gehef word.

10.5 Vee sal slegs toegelaat word om in die volgende area(s) te wei: _____

_____

(gee 'n volledige beskrywing van die area en grootte daarvan in hektaar)

10.6 Daar moet voldoen word aan die gesondheidsprogram vir vee soos voorgeskryf deur die eienaar.

AANHANGSEL "B" OOREENKOMS TER VERLENGING VAN WERKSUR**E**

(Vir gebruik by beide Permanente en Tydelike werkers)

1. Die werknemer en plaaswerker kom hiermee ooreen dat die gewone daaglikse werkure van die plaaswerker verleng sal word met _____ ure per dag tot 'n maksimum van **5** ure per week.

(Nota: Sien artikel 12 van Sektorale Vasstelling 13: Plaaswerker sektor) (Die ooreenkoms mag nie tot gevolg hê dat die plaaswerker langer as 10 uur per dag werk nie.)

2. Die periode van verlengde ure sal 'n aanvang neem op _____ van elke jaar en tot 'n einde kom op

_____ van elke jaar; 'n totaal van _____ werksure.

(Nota: Die verlengde tydperk mag nie langer as 4 maande uit 'n periode van 12 maande wees nie.)

3. In ruil vir die verlengde ure gewerk gedurende die periode in 2, sal die plaaswerker se ure vir die periode van

_____ tot _____ verminder word met _____ ure per week.
(Nota: Die verminderde werkure moet binne dieselfde tydperk van 12 maande toegestaan word)

1 Alternatiewelik tot klousule 3 hierbo onderneem die werkgewer om gedurende die oorblywende tydperk die gewone ure van die plaaswerker te verminder met die totale verlengde ure wat hy gewerk het.

2 Gedurende die periode wat die plaaswerker verlengde of verkorte ure werk sal die werkgewer die plaaswerker die loon betaal wat hy sou gekry het as hy gewone ure gewerk het.

3 Indien die gewone werksure nie verminder word:

6.1 gedurende die oorblywende tydperk; of
6.2 by beëindiging van diens om welke rede ookal;
6.3 sal die werkgewer die plaaswerker vir die verlengde ure gewerk, of die balans daarvan betaal teen een en 'n halwe maal sy normale loon.

AANHANGSEL "C" DISSIPLINÊRE KOD**E**

(Vir gebruik by beide Permanente en Tydelike werkers)

1. DISSIPLINÊRE OPTREDE

Dissiplinêre optrede kan ingestel word vir die versuim om die werkgewer se standaarde na te kom of vir onbevredigende of onaanvaarbare gedrag. Optredes sluit in:

1.1 summiere ontslag;
1.2 ontslag met betaling i p v kennisgewing;
1.3 finale geskrewe waarskuwing;
1.4 geskrewe waarskuwing;
1.5 informele waarskuwing of berisping.

2. KATEGORIEË VAN OORTREDINGS VIR DIE DOELEINDES VAN DIE BEPALING VAN 'N GEPASTE DISSIPLINÊRE OPTREDE

Die dissiplinêre optredes hierbo genoem is slegs 'n riglyn. Die bedoeling is nie om rigiede reëls voor te skryf nie maar om 'n billike, regverdige en konsekwente dissiplinêre optrede daar te stel. Wanneer dissiplinêre stappe ingestel word moet daar in gedagte gehou word dat die optrede en werksomstandighede van verskillende plaaswerkers verskil.

Wanneer daar op 'n gepaste optrede besluit moet word moet die volgende in ag geneem word: die kategorie waarin die oortreding val, die erns daarvan, die omstandighede waaronder dit begaan is, die dissiplinêre optredes geneem by soortgelyke oortredings, geskrewe waarskuwings wat by vorige geleenthede gegee is en nog nie verval het nie, die plaaswerker se ouderdom, posisie, jare diens, verdienstelike werk deur hom gelewer, huwelikstatus, afhanklikes en vertoë wat hy gerig het ten aansien van gepaste stappe teen hom.

2.1 **Kategorie A**

Oortredings waar ontslag by 'n eerste skuldigbevinding 'n gepaste optrede kon wees:

2.1.1 doelbewuste afwesigheid sonder verlof of sonder 'n geldige rede vir 3 opeenvolgende dae;
2.1.2 weiering of versuim om wettige en redelike bevele na te kom, versuim om te werk of te begin werk of voort te gaan met werk, versuim om reëls en prosedures met betrekking tot veiligheid na te kom;
2.1.3 intimidasie;
2.1.4 viktimisasie;
2.1.5 aansporing, aanmoediging of oorreding van ander plaaswerkers om nie wettige en redelike bevele na te kom, te begin werk of werk voort te sit of om nie reëls en prosedures met betrekking tot veiligheid na te kom nie;
2.1.6 aanhitsing, aanmoediging of veroorsaking van die gebruik van geweld teen enige persoon of eiendom;
2.1.7 aanranding of poging tot aanranding met die bedoeling om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak;
2.1.8 ernstige weerspannigheid of minagting;
2.1.9 bedrog, diefstal, ongemagtigde besit van die werkgewer se eiendom of van enige eiendom waarvoor die plaaswerker nie 'n bevredigende verduideliking kan gee nie; wederregtelike toe-eiening van geld, goedere of eiendom of diefstal of enige ander oortreding waarvan oneerlikheid 'n element is;
2.1.10 omkopery;
2.1.11 vervalsing van dokumente;
2.1.12 die gee van valse inligting of die doelbewuste weglating van inligting by sy aansoek vir werk of 'n mediese ondersoek;
2.1.13 growwe nalatigheid;
2.1.14 kontrakbreuk wat volgens die gemenereg summiere ontslag regverdig;
2.1.15 besit van 'n gevaarlike wapen by die werkplek sonder skriftelike toestemming van die werkgewer;
2.1.16 opsetlike beskadiging van eiendom;
2.1.17 werk vir iemand anders of die bedryf van 'n besigheid;
2.1.18 die verskaf van inligting wat nadelig kan wees vir die belange van die werkgewer behalwe waar dit in die normale verrigting van sy werk is of waar hy regtens verplig is daartoe gegee is;
2.1.19 ernstige onbekwaamheid waar die plaaswerker die werkgewer mislei het oor sy vermoë om die werk te doen.

2.2

Kategorie B

Oortredings waarvoor gepaste dissiplinêre stappe geneem kan word, welke optrede kan wees: Vir 'n eerste oortreding:

'n Finale skriftelike waarskuwing of ontslag as die aard en omstandighede van die oortreding dit regverdig;

Vir 'n tweede oortreding:

Ontslag, indien die finale geskrewe waarskuwing wat uitgereik is nog nie verval het nie. Sodanige waarskuwing sal verval 1 jaar nadat dit uitgereik is.

2.2.1 afwesigheid sonder verlof vir 'n tydperk van tot 5 opeenvolgende werksdae, sonder 'n geldige rede;
2.2.2 onbehoorlike, onwelvoeglike of minagtende optrede;
2.2.3 swak werksprestasie in terme van kwaliteit of kwantiteit van werk;
2.2.4 versuim om verlies van of skade aan eiendom van die werkgewer of eiendom waarvoor die werkgewer verantwoordelik is aan te meld;
2.2.5 opsetlike skade aan of ernstige nalatigheid ten opsigte van die werkgewer of mede-plaaswerkers se eiendom, toerusting, gereedskap of goedere of goedere waarvoor die werkgewer verantwoordelik is;
2.2.6 toe-eiening vir private doeleindes en misbruik van die werkgewer of mede-plaaswerkers se eiendom;
2.2.7 die bekendmaking van vertroulike inligting aan 'n ongemagtide persoon;
2.2.8 die pleeg van 'n kriminele misdryf terwyl hy op diens is of op die werkgewer se perseel of met betrekking tot die werkgewer se sake;
2.2.9 besopenheid terwyl hy op die werkgewer se perseel is of in beheer van 'n voertuig van die werkgewer is;
2.2.10 die besit en/of gebruik van alkohol of ander verbode of gewoontevormende middels op die werkgewer se perseel terwyl aan diens.

2.3 Kategorie C

Oortredings ten opsigte waarvan ontslag gewoonlik voorafgegaan word deur twee geskrewe waarskuwings en 'n finale geskrewe waarskuwing. 'n Waarskuwing uitgereik vir 'n oortreding in hierdie kategorie sal verval 6 maande na uitreiking daarvan:

2.3.1 afwesigheid sonder verlof vir tot 2 opeenvolgende werksdae sonder 'n geldige rede;
2.3.2 die laat aanmelding vir werk of vroeë ophou werk en versuim om voorgeskrewe werkure en etenspouses na te kom;
2.3.3 afwesigheid van die werkplek sonder die toestemming van 'n meerdere gedurende werkure;
2.3.4 slaap op diens;
2.3.5 kleiner werkverrigtings en gedragsprobleme;
2.3.6 oorskryding van vasgestelde perke van gesag;
2.3.7 versuim om behoorlike werknemer en toesighoudende funksies te verrig;
2.3.8 versuim om voorgeskrewe uniform of beskermende kleredrag te dra;
2.3.9 oormatige gebruik van telefoon vir persoonlike oproepe;
2.3.10 nalatigheid;
2.3.11 leeglêery.